

Ontgin die 'bedekte seën' van verbruikers in Afrika

Suid-Afrika kan dieselfde rol in Afrika vertolk as wat Singapoer voorheen in Suidoos-Asië gespeel het.

Só sê prof. Vijay Mahajan, maatskaplike entrepreneur, skrywer van onder meer Africa Rising en professor in bemarking aan die McCombs-sakeskool aan die Universiteit van Texas in Austin.

Hy is in Kaapstad as spreker by die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) en was aan die woord by 'n geleentheid wat eergister deur die leierskapsontwikkelingsmaatskappy Symphonia aangebied is.

"Die persepsie van Afrika is dikwels een van armoede, werkloosheid, korrupsie, misdaad en onproduktiwiteit. Raai wat, 20 jaar gelede het ons in Indië die Britte die skuld vir al ons probleme gegee en was die persepsie dat Indiërs lui is en dat Indië 'n land deurspek van korrupsie is," het hy gesê.

"Julle in Suid-Afrika is die enigstes wat jul eie suksesverhale aan die wêreld kan vertel. Neem verantwoordelikheid soos wat Indië en China gedoen het. God het nie

entrepreneurs net na dié twee lande gestuur nie."

Hy wys daarop dat 17% van die sowat 900 miljoen verbruikers in ontwikkelende lande in Afrika is.

Dit is volgens hom 'n bedekte seën wat ontgin moet word en as aansporing vir internasionale maatskappye moet dien om in Afrika te belê.

"Tussen 350 miljoen en 500 miljoen mense in Afrika is onder andere staatsamptenare, onderwysers en verpleërs of werk in die gasvryheidsbedryf. Daar sal dus altyd iemand wees wat kos, skooluniforms, motors en grimering wil koop of met vakansie wil gaan. Skrik wakker! Moenie wag vir 'n Indiër wat in die VSA woon om vir julle van die moontlikhede te kom vertel nie," het hy gesê.

Die gemiddelde ouderdom van Afrika se inwoners is 19. Hulle moet as 'n "demografiese dividend" beskou word.

"Amerikaanse maatskappye kan nie bekostig om die sowat 400 miljoen verbruikers in Afrika te ignoreer nie." – Carin Smith